**PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE**

FRIDAY, 1 AUGUST 2014

QUESTION FOR WRITTEN REPLY

**13. Mr R B Lentit to ask Mr A W Bredell, Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning:**

Whether all the districts in the Western Cape have disaster management centres; if not, why not; if so, (a) what is the location of each centre in the respective districts, (b) what are the operating challenges and (c) what achievements regarding weather related disasters to assist with emergencies in (i) other districts and (ii) areas outside the boundaries of the Western Cape?

**REPLY:**

All the districts and the City of Cape Town within the Western Cape have disaster management centres, with the most recent centre officially opened for Cape Winelands District Municipality on 6 June 2014. All the District Municipalities share a facility with the Department of Health: Emergency Medical Services which is more cost-efficient and provides the opportunity to streamline response in the district areas.

The below table is a response to (a), (b), (c):

| **Metro/District Municipality** | **Location** | **Challenges** | **Achievements** |
|---|---|---|---|
| City of Cape Town | Corner of Frans Conradie and Hugo Street Goodwood | None | The City has a well capacitated centre in terms of disaster management officials and operates 24/7. Well established early warning systems are in place for weather related incidents. The City also has |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | Memoranda of Agreement in place with neighbouring local municipalities such as Swartland Municipality with regards to flooding of the Diep River.<br><br>City of Cape Town has undertaken a Comprehensive Disaster Risk Assessment, identifying all the hazards/risks and this has led to the formulation of various hazard- specific disaster management plans and an updated Municipal Disaster Management Plan. |
| Eden District | 54 York Street George | Lack of capacity at Local Municipalities such as Kannaland. The integration of the newly procured software by the Department of Health. | Eden District has installed electronic displays in Nelson Mandela Drive in George which depicts weather early warnings.<br>Pro-active bridging of estuaries to prevent flooding of low laying areas takes place during flooding incidents. This is carried out in collaboration with Knysna, Mossel Bay and San Parks.<br><br>2009/2010 Water Management Plans were revised and updated and drought early warnings are in place.<br>Communication takes place with other districts specifically with Central Karoo during weather related events such as flooding and / or snow in Swartberg Pass and Meiringspoort. |
| Central Karoo District | Traffic Weigh Bridge N1 Beaufort West | Lack of capacity at District level and local level. The centre further lacks | The Head of Centre has excellent local knowledge of the area and early warning systems are established and |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | equipment due to budget constraints. | in place for weather related incidents. Close working relationship is maintained with the local Non-Governmental Organisation namely “Hope”. Furthermore communication takes place with other districts specifically with Eden District during weather related events such as flooding and / or snow in Swartberg Pass and Meiringspoort. |
| Overberg District | Long Street Bredasdorp | There is a need to extend the physical building however due to budget constraints this will not be possible in the near future. Lack of capacity at District and local level | Excellent working relationship with the South African Defense Force as well as Search and Rescue Organisations. Early warning systems are established and in place for weather related incidents. Communication takes place with other districts during weather related incidents specifically with Cape Winelands District regarding the flooding of Bree River. |
| Cape Winelands District | 80 Murray Street Worcester | The co-ordination and response by role-players on the Worcester side of the Du Toits Kloof does not always occur speedily. | The district rolled out the disaster management software “UNITI” which is an information management and reporting system. Early warning systems are established and in place for weather- related incidents. Communication takes place with other districts during weather- related incidents, specifically Overberg and West Coast Districts. |
| West Coast | Station Way | The lack of capacity | Early warning systems are |

| | | | |
|---|---|---|---|
| District | Moorreesburg | at District and local levels.<br>The integration of the newly procured software by the Department of Health. | established and in place for weather related incidents. Communication takes place with other districts during weather related incidents specifically with Cape Winelands regarding the catchment area affecting Berg River. |

The districts have well established communication systems in place during weather-related incidents where the increase of rainfall in one district may cause rivers to burst their banks in another district. This communication between districts is a vital achievement and critical when dealing with weather-related incidents.

The Western Cape Disaster Management Centre (WCDMC) is always in a state of readiness and should it be required it can be utilised by any of the other centres as a back-up. The WCDMC also plays a supportive role to the other centres by assisting with coordination during weather related events.

Furthermore the Department of Local Government under the auspices of the Western Cape Disaster Management Centre has entered in a Collaboration Protocol with the neighbouring coastal provinces. The protocol calls for the provinces to materially assist each other and to co-ordinate the provision of services in their respective areas. It is envisaged that this protocol be adapted for the utilisation at a district level sphere.

**PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP**

VRYDAG, 1 AUGUSTUS 2014

VRAAG VIR SKRIFTELIKE BEANTWOORDING

**13. Mnr R B Lentit vra Mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

Of al die distrikte in die Wes-Kaap rampbestuursentrums het; indien nie, waarom nie; indien wel, (a) wat is die ligging van elke sentrum in die onderskeie distrikte, (b) wat is die bedryfsuitdagings en (c) watter prestasies met betrekking tot weerverwante rampe is bereik om bystand in noodtoestande in (i) ander distrikte en (ii) gebiede buite die grense van die Wes-Kaap te verleen?

**ANTWOORD:**

In die Wes-Kaap het al die distrikte en die Stad Kaapstad rampbestuursentrums. Die jongste sentrum is amptelik op 6 Junie 2014 in die Kaapse Wynlande-distriksmunisipaliteit geopen. Die distriksmunisipaliteite deel almal ’n fasiliteit met die Departement van Gesondheid: Nood- Mediese Dienste, wat meer kostedoeltreffend is en die geleentheid bied om reaksie in die distriksgebiede vaartbelyn te maak.

Onderstaande tabel is ’n antwoord op (a), (b) en (c).

| **Metro/ Distriksmunisipaliteit** | **Ligging** | **Uitdagings** | **Prestasies** |
|---|---|---|---|
| Stad Kaapstad | Hoek van Frans Conradie- en Hugostraat, Goodwood | Geen | Die Stad het ’n sentrum met goeie kapasiteit wat rampbestuursbeamptes betref en is 24 uur per dag in bedryf. Goed gevestigde vroeëwaarskuwingstelsels is gereed in geval van weerverwante voorvalle. Die Stad het ook memorandums van ooreenkoms met naburige plaaslike munisipaliteite, soos Swartland Munisipaliteit wat oorstroming van die Dieprivier betref.<br>Die Stad Kaapstad het ’n omvattende Ramprisiko-assessering onderneem wat al die gevare/ risiko’s geïdentifiseer het en dit het gelei tot die opstel van verskeie gevaar-spesifieke rampbestuursplanne en ’n bygewerkte Munisipale Rampbestuursplan. |

| **Metro/ Distriksmunisipaliteit** | **Ligging** | **Uitdagings** | **Prestasies** |
|---|---|---|---|
| Eden-distrik | Yorkstraat 54, George | Gebrek aan kapasiteit by plaaslike munisipaliteite soos Kannaland.<br><br>Die integrering van die nuut verkrygde sagteware by die Departement van Gesondheid. | Eden-distrik het elektroniese vertoonborde in Nelson Mandela-rylaan in George aangebring wat vroeëweerwaarskuwings vertoon.<br><br>Proaktiewe bou van brûe oor strandmere om te voorkom dat laagliggende gebiede oorstroom word wanneer vloede waarskynlik is. Dit word gedoen in samewerking met Knysna, Mosselbaai en SANParke.<br><br>2009/2010-waterbestuursplanne is hersien en bygewerk en vroeëdroogtewaarskuwings is gereed.<br><br>Kommunikasie vind plaas met ander distrikte, in die besonder met Sentraal Karoo, tydens weerverwante gebeure soos oorstroming en/of sneeu in die Swartbergpas en Meiringspoort. |
| Sentraal Karoo-distrik | Verkeersweegbrug N1 Beaufort-Wes | Gebrek aan kapasiteit op distriksvlak en plaaslike vlak.<br><br>Die sentrum het weens begrotingsbeperkings ’n tekort aan toerusting. | Die Sentrumhoof het uitstekende plaaslike kennis van die gebied en vroeëwaarskuwingstelsels word ingestel en is gereed in geval van weerverwante voorvalle. ’n Noue werksverhouding word gehandhaaf met die plaaslike nieregeringsorganisasie “Hope”. Kommunikasie vind plaas met ander distrikte, in die besonder met Eden-distrik tydens weerverwante gebeure soos oorstroming en/of sneeu in die Swartbergpas en Meiringspoort. |

| Metro/ Distriksmunisipaliteit | Ligging | Uitdagings | Prestasies |
|---|---|---|---|
| Overberg-distrik | Langstraat, Bredasdorp | Die fisiese gebou moet vergroot word. Weens begrotingsbeperkings sal dit egter nie in die nabye toekoms moontlik wees nie. Gebrek aan kapasiteit op distriks- en plaaslike vlak. | Uitstekende werksverhouding met die Suid-Afrikaanse Nasionale Verdedigingsmag asook navorsing- en reddingsorganisasies. Vroeëwaarskuwingstelsels is ingestel en gereed in geval van weerverwante voorvalle. Kommunikasie vind plaas met ander distrikte tydens weerverwante voorvalle, in die besonder met Kaapse Wynlande-distrik met betrekking tot die oorstroming van die Breederivier. |
| Kaapse Wynlande-distrik | Murraystraat 80, Worcester | Koördinering en reaksie deur rolspelers aan die Worcester-kant van Du Toitskloof is nie altyd vinnig nie. | Die distrik het die rampbestuursagteware "UNITI", 'n inligtingbestuur- en rapporteringstelsel, ontplooi. Vroeëwaarskuwingstelsels is ingestel en gereed in geval van weerverwante voorvalle.<br>Kommunikasie vind plaas met ander distrikte tydens weerverwante voorvalle, in die besonder Overberg- en Weskus-distrikte. |
| Weskus-distrik | Stasieweg, Moorreesburg | Gebrek aan kapasiteit op distriks- en plaaslike vlak.<br>Die integrering van die nuut verkrygde sagteware by die Departement van Gesondheid. | Vroeëwaarskuwingstelsels is ingestel en gereed in geval van weerverwante voorvalle. Kommunikasie vind plaas met ander distrikte tydens weerverwante voorvalle, in die besonder met Kaapse Wynlande-distrik met betrekking tot die Bergrivier-opvanggebied. |

Die distrikte het goed gevestigde kommunikasiestelsels gereed tydens weerverwante voorvalle waar ’n toename in reënval in een distrik kan veroorsaak dat riviere in ’n ander distrik hulle walle oorstroom. Hierdie kommunikasie tussen distrikte is ’n belangrike kritieke prestasie vir die hantering van weerverwante voorvalle.

Die Wes-Kaapse Rampbestuursentrum (WKRBS) is altyd in ’n staat van gereedheid en kan deur enige van die ander sentrums as rugsteun gebruik word as dit nodig sou wees. Die WKRBS speel ook ’n ondersteunende rol vir die ander sentrums deur met koördinering tydens weerverwante voorvalle te help.

Verder het die Departement van Plaaslike Regering, onder beskerming van die Wes-Kaapse Rampbestuursentrum, ’n samewerkingsprotokol met die naburige kusprovinsies aangegaan. Die protokol bepaal dat die provinsies mekaar daadwerklik moet help en die verskaffing van dienste in hulle gebiede moet koördineer. Daar word in die vooruitsig gestel dat hierdie protokol vir gebruik op distriksvlak aangepas kan word.